



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-



AFDELING A LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**


1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

BEPLANNING (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel/paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)</p>	<p>VRAAG 1</p> <p>(regterkantse bladsy)</p>  <p>(bv. 205 woorde)</p>
--	--

**HOOPVOL** – *Derick van der Walt*

Daar is vier vrae oor **HOOPVOL**. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

TEMA: Ben se soektog na sy pa.

[Bron: Tafelberg Uitgewers. 2012]

Sy tande begin weer klap. Hy probeer diep asemhaal om die gekletter te stop, maar dit help nie. Die vrou kyk nou openlik na hom. "Are you fine?"

Hy weet nie wat om te sê nie. Hy voel net dankbaar dat sy gevra het. Dat iémand gevra het. Hy probeer die huil keer, maar hy kan nie.

[bl. 17]

Beantwoord die volgende vrae puntsgewys:

- 1.1 Watter traumatiese gebeurtenis het Ben laat besluit om sy huis in Johannesburg te verlaat en na sy pa te gaan soek? (1)
- 1.2 Ben het tannie Pop later uit Pretoria gebel. Watter leuen het Ben toe aan haar vertel oor waar hy was? (1)
- 1.3 By watter spesifieke plek in Pretoria het Ben gehoop om sy pa te vind? (1)
- 1.4 Watter insident 'n paar jaar tevore het Ben laat dink dat sy pa op hierdie spesifieke plek in Pretoria was? (1)

Hy kou dankbaar aan die pakkie droëvrugte wat hulle gratis gekry het toe hulle opgeklim het. Hy is honger, maar hy sal mooi met sy geld moet werk.

Die buskaartjie Bloemfontein toe was heelwat duurder as wat hy gedink het dit sou wees. En hy sal blyplek in Bloemfontein moet kry. En hy sal moet werk soek.

[bl. 79]

- 1.5 Nadat Ben nie sy pa in Pretoria kon opspoor nie, het hy sy pa in Bloemfontein gaan soek. Ben moes 'n lêer na 'n kantoor toe neem. Vertel wat verder in die kantoor gebeur het wat Ben laat dink het om sy pa in Bloemfontein te gaan soek. (2)
- 1.6 Waar/hoe het Ben inligting gekry wat hom van Bloemfontein na Hoopvol toe laat gaan het in sy soektog na sy pa? (1)

Ben hou die landskap dop wat langs die treinvenster verbyskuif. Hoopvol. Weird naam vir 'n dorp.

[bl. 155]

- 1.7 Van die eerste mense wat Ben op Hoopvol ontmoet het, was Frans en Liefie. Wat was Frans en Liefie se reaksie toe hulle Ben die eerste keer gesien het? (1)
- 1.8 Waarom het hulle spesifiek só reageer? (1)
- 1.9 Frans het Ben amper soos sy eie seun behandel. Waarom dink jy het hy dit gedoen? (1)

Asof die oom sy gedagtes kon lees, stel hy die lugverkoeler hoër. "Wat bring jou na ons ou dorpie toe?" vra hy vriendelik.

Ben dink mooi voor hy antwoord. Hy sal versigtig moet wees. "Nadat my ma dood is ... Daar is 'n bietjie besigheid wat ek hier moet doen. Ek ..." Hy sluk. "Ek wil maar vir 'n ruk hier rond werk en so aan."

[bl. 163]

- 1.10 Terwyl Ben op verskillende plekke na sy pa gesoek het, moes hy werk om geld te verdien. Noem drie dinge wat Ben gedoen het om geld te verdien. (3)
- 1.11 Ben se ma het nie baie oor sy pa gepraat nie, maar het wel leuens oor sy pa vertel. Noem een van hierdie onwaarhede wat sy ma vertel het. (1)
- 1.12 Waarom, dink jy, het sy ma hierdie leuens vertel? (1)

[15]

VRAAG 2

2.1 Nathalie het nie 'n maklike lewe in Hoopvol gehad nie en sy het talle uitdagings ervaar.

Gebruik die **diagram** en skryf 'n **paragraaf** van tussen 80–120 woorde oor:

"Die uitdagings in Nathalie se lewe"

1	Op watter voorwaarde kon die Chalmer-egpaar in die huis wat Nathalie se erfposie was, gaan woon?	(1)
2	Gee twee redes waarom die verhouding met mevrou Chalmers 'n uitdaging vir Nathalie was.	(2)
3	Nathalie het by twee plekke in Hoopvol gewerk. Noem die twee plekke en beskryf telkens 'n uitdaging wat sy by elk van die plekke ervaar het.	(4)
4	Gee twee redes waarom Nathalie Hoopvol nie direk na matriek verlaat het nie.	(2)
5	Waarom sou 'n romantiese verhouding met Sakkie vir Nathalie 'n uitdaging wees?	(1)

2.2 Tannie Lettie was bekommerd oor die verhouding tussen Nathalie en Bobby. Om watter twee redes was sy bekommerd oor die verhouding? (2)

2.3 Hoekom, het Nathalie gedink, sou 'n verhouding met Bobby vir haar 'n toekoms gee? (1)

2.4 Liefie wou op 'n stadium die dorp herdoop en dit "Hopeloos" genoem het. Watter naam, dink jy, pas die beste: "Hoopvol" of "Hopeloos?"

Skryf jou keuse neer, **motiveer** jou antwoord en **verduidelik** jou antwoord deur na die inhoud/gebeure in die verhaal te verwys. Bied jou antwoord in tabelvorm aan.

Naam	Motivering	Verduideliking

(2)
[15]

VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag in jou Antwoordboek. Skryf slegs die vraagnommer en Liefie se woorde neer.

Tema: Ben wil graag meer oor sy ma se jeugjare en die mense wat 'n invloed op haar gehad het, uitvind. Hy gesels met Liefie, sy ma se beste vriendin.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Ben en Liefie. Skryf telkens slegs Liefie se woorde neer. Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

- 3.1 Ben : Watter belangrike posisie het juffrou September in die dorp gehad en watter positiewe invloed het sy op my ma gehad?
- Liefie : _____ (2)
- 3.2 Ben : Ek het gehoor dat juffrou September 'n konsternasie by die wit skool veroorsaak het. Wat het gebeur? Hoe het dit vir jou en Olivia later gehelp?
- Liefie : _____ (2)
- 3.3 Ben : Mense het my vertel dat jy van oom Frans gehou het toe julle jonger was. Hoekom het jy gevoel dat julle nie sou kon trou nie? Noem twee redes.
- Liefie : _____ (2)
- 3.4 Ben : Hoe sou jy die verhouding tussen my ma en Pastoor Chalmers beskryf?
- Liefie : _____ (1)
- 3.5 Ben : Om watter twee redes was dit onmoontlik vir juffrou September en Pastoor Chalmers om in 'n liefdesverhouding te wees?
- Liefie : _____ (2)
- 3.6 Ben : Wat was die laaste ding wat mense gehoor het oor die verhouding tussen juffrou September en Pastoor Chalmers?
- Liefie : _____ (1)

[10]


VRAAG 4

Ben soek 'n vader, 'n pa met wie hy kan identifiseer en ook assosieer.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 350 woorde waarin jy Ben se soeke na 'n vaderfiguur bespreek.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
- **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, bv. 295 woorde.**



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.



[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant.
5. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
6. Skryf jou finale antwoord op die regterkantste bladsy van die Antwoordboek.
7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord.
8. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING (linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)</p>	<p>VRAAG 9 (regterkantse bladsy)</p>  <p>(bv. 206 woorde)</p>
---	---

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 5 **DIALOOG**

Jy is 'n entrepreneur en wil graag jou eie besigheid begin. Jy het baie goeie idees en is baie entoesiasties, maar jy het nie **genoeg geld** om die besigheid te begin nie.

Jy gesels met iemand wat moontlik geld in jou besigheid kan belê.

Die persoon wil duidelikheid oor die volgende aspekte hê voordat die geld beskikbaar gemaak sal word:

- **die naam en tipe besigheid**
- **hoeveel geld jy benodig**
- **wat die besigheid spesifiek gaan doen en hoe dit geld gaan maak**
- **jou ervaring in die besigheidwêreld**
- **jou plan om die besigheid later uit te brei**

Opdrag:

Skryf die gesprek tussen jou en die belegger in 'n dialoogvorm neer. Die inhoud van die dialoog moet tussen 150–250 woorde lank wees.

Onthou:

- **Elke spreker** moet ten minste **3 keer** in die dialoog praat.
- Laat 'n reël oop tussen die spreekbeurt.
- Skryf die getal woorde neer (bv. 195 woorde).
- Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.

[30]

VRAAG 6 E-POS**Situasie:**

Tersiêre studies aan universiteite is baie duur. Nie almal het die geld om verder te studeer nie. Jy word die kans gebied om aansoek te doen om 'n beurs te ontvang. Die organisasie, **SA Universiteite Beurse en Lenings** is bereid om studente finansiêel te ondersteun.

Jy moet die organisasie oortuig dat jy die ideale kandidaat is.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos (60–120 woorde) aan die organisasie waarin jy hulle meer van jouself vertel en hulle ook probeer oortuig dat jy 'n goeie kandidaat vir 'n beurs is.

Jy kan die volgende struktuur gebruik

Aan	beurse@sauniversiteite.co.za
Van	
Onderwerp	
Boodskap	

Spreek die volgende aspekte aan:

- Jou akademiese prestasies
- Jou buitemuurse aktiwiteite en prestasies
- Jou eienskappe en kwaliteite
- Waarom jy die beurs benodig en verdien

Die inhoud van jou e-pos moet 60–120 woorde lank wees.

- *Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.*
- *Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer.*

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte